Die Hoër Tegnologiese Skool
John Vorster

18 November 2024

Beste JV-Ouers/ -Voogde

**OUERBRIEF 9 VAN 2024**

**SELFONE: DIE PAD VORENTOE**

Die afgelope jaar het die skoolbestuur die impak van selfoongebruik deur ons leerders baie intensief ondersoek en bespreek.

Dr Anke Brand het ook by verskeie geleenthede hoofde en skoolbesture toegespreek rakende haar doktorale studie oor die verreikende invloed wat selfone in die lewens van veral tieners het en die impak wat dit weer op skole het. Die skool het ook gedurende die jaar verskeie sprekers by die skool gehad wat die leerders toegespreek oor die gevare en gevolge van die misbruik van selfone.

Die doel van hierdie brief is om Dr Brand se navorsing, tesame met verskeie ander wêreldwye studies, aan ouers voor te hou. Ingeligte mense kan ingeligte besluite neem en daarom is dit belangrik dat ouers deeglik nadink oor die inhoud van hierdie brief. Dalk moet daar *veranderinge in die gebruik van selfone by die huis ook wees* en die doel van hierdie brief is om dit met feite te motiveer.

1. **AKADEMIESE PRESTASIE**

Navorsing het getoon dat die akademiese prestasie van gemiddelde en ondergemiddelde leerders die meeste beïnvloed word wanneer die gebruik van selfone in skole toegelaat word. Leerders in hierdie kategorie se punte is gemiddeld 7% swakker by skole waar selfone toegelaat word.

Volgens HTS John Vorster se **Gedragskode vir Leerders** mag selfone slegs gebruik word wanneer dit deur die onderwyser toegelaat word vir *akademiese doeleindes*. Ongelukkig het hierdie reëling tot so mate ontaard dat selfone en die onregmatige gebruik daarvan en die gevolglike monitering daarvan 'n konstante ontwrigting van die onderrigproses geword het. Hierdie aspek is ook deur die navorsing bevestig waar onderwysers in baie wêrelddele aangetoon het dat geweldig baie kosbare onderrigtyd verlore gaan in die proses om te verseker dat kinders nie op hulle selfone besig is nie.

In die 2020 Netflix-dokumentêr, The Social Dilemma, was een van die hoofaspekte wat aangeraak is van hoe jongmense en selfs volwassenes die verslawende behoefte het om

konstant hul selfone vir kennisgewings na te gaan. Ook hierdie word daagliks deur onderwysers in klaskamers beleef. ’n Onlangse studie het bevind dat leerders hul fone gemiddeld elke 8,6 minute nagaan.

Navorsing het aangedui dat wanneer kinders op hulle eie aan ‘n taak of opdrag moet werk, dit veral kinders wat akademies onderpresteer is, wat dan met ander aktiwiteite op hulle selfone besig is. Dit het aangetoon dat net die blote teenwoordigheid van ‘n selfoon steurend is - selfs wanneer die foon heeltemal afgeskakel is en nie net wanneer die klank afgeskakel is nie. Daar is 'n inherente verslawende aard aan die slimfoon en dit blyk moeiliker te wees vir die risiko-leerders om die aanloklike wink van 'n gonsende sak te vermy.

Die wyses waarop bepaal kan word wat die uitwerking van konstante selfoongebruik op akademiese resultate kan hê, is nog in sy kinderskoene, maar een baie deeglike studie is met behulp van ‘n toepassing wat ontwikkel is, gedoen. Hierin is leerders se selfoongebruik vir 2 weke in reële tyd opgeteken, ten einde navorsers in staat te stel om te bepaal of leerders se foongebruik 'n impak op akademiese prestasie gehad het. Dit is dan gemeet aan die rangorde waarin die leerders in hulle groep geplaas is. Die navorsers het 'n interessante negatiewe verband tussen selfoongebruik en leerders se akademiese prestasie ontdek. Dit het bevind dat vir elke 100 minute per dag wat 'n leerder aan selfoongebruik bestee het, dit daartoe gelei het dat die leerder 6,3 plekke val in terme van hul akademiese skoolranglys. Hierdie effek is verdubbel (sowat 12 plekke laer) indien leerders gereeld hul foon gebruik het, terwyl hulle in die klas was. Dieselfde resultate is ook bevestig uit navorsing wat in skole in Brasilië gedoen is.

Die navorsing toon duidelik dat, ten spyte van die potensiaal om 'n doeltreffende leerinstrument te wees, selfone in die algemeen 'n negatiewe impak op leerders se punte het, aangesien dit hulle aandag aflei om nie aan lesse deel te neem nie.

Waarom veroorsaak selfone 'n afname in leerders se punte ten spyte van die oënskynlike voordele wat dit kan hê in die klaskamer? Die mees algemene gevolgtrekking wat navorsers maak, is dat leerders hul vermoë om te kan multi-taak (multi task), oorskat. Verder neem die omskakeling van een taak na ‘n volgende tyd, moeite en energie. Die sogenaamde “multi tasking” is onteenseglik as ‘n mite bewys. Dit is nie vir kinders moontlik om ten volle betrokke te raak by klaskameronderrig, hul huiswerk of hersiening wanneer hul foon op bystand langs hulle is nie. Die blote teenwoordigheid daarvan is genoeg om hul aandag af te lei.

Een manier waarop onderwysers leerders se selfoongebruik in die klas kan beperk, is **om fone in die skool te verbied**. Frankryk het 'n landwye verbod ingestel wat in September 2018 in werking getree het. Onlangse navorsing in Engeland in skole in Birmingham, Leicester, Londen en Manchester waar slimfone verbied is, het die gevolg gehad dat die afdwing van so 'n verbod gelei het tot 'n aansienlike verbetering in leerders se punte en die verbetering was selfs meer prominent in die geval van sukkelende leerders.

Navorsing het ook gekyk na die impak van selfoongebruike op akademiese prestasie deur 'n vergelykende gevallestudie in twee streke in Spanje, te doen. In Spanje het outonome regerings in die streke Galicië en Kastilië-La Mancha, vanaf 2015 selfoonverbod in skole ingestel. Die selfoonverbod het afknouery onder studente aansienlik verminder, veral onder diegene tussen die ouderdomme van 12 en 17. **Die telefoonverbod het ook gelei tot 'n toename in leerders se toetsuitslae in Wiskunde en Wetenskap.**

In Australië en Maleisië het navorsers bevind dat hoe meer leerders hulle fone gebruik het, selfs al was dit om leer by die skool te ondersteun, daar ‘n beduidende verlaging in hulle jaarpuntgemiddeld (GPA, oftewel “grade point average”) was.

**2. AFKNOUERY / BOELIEGEDRAG**

Dit was geen verrassing dat navorsing aantoon dat selfone nou die mees gebruikte item is wanneer dit by die afknou van ander kom nie.

Alle leerders is nou virtueel deel van sosiale groepe. Baie van hierdie groepe het die hoofbron vir die  verspreiding van gerugte en verkeerde inligting geword - wat geweldig baie skade veroorsaak. TikTok, Instagram, Facebook, Twitter, en ander gewilde sosiale media-toepassings het selfs meer van 'n afleiding geword en word meedoënloos deur baie kinders vir kuber-afknouery gebruik. Dit is ook terloops die hoofrede wat skole aanvoer vir die instelling van 'n selfoonverbod.

Voeg by dit alles die toenemende vlakke van FOMO (fear of missing out) waaraan veral tieners deesdae ly en die voortdurende versterking van eiewaarde wat sosiale media kan bring of wegneem en skole ondervind al hoe meer dat leerders nie in staat is om die druk van fone in hul sakke te ignoreer nie.

Uit die statistiek van ons eie dissiplinekantoor, is dit baie duidelik dat ongeveer 90% van die probleme wat daagliks hanteer word, gekoppel kan word aan die misbruik van selfone.

**3. GEESTESGESONDHEID**

Daar is bevind dat onbeheerde selfoongebruik ‘n uiters nadelige uitwerking op die geestesgesondheid van baie kinders kan hê. Volgens 'n 2019-studie waarby meer as 12 000 13- tot 16-jariges in Engeland betrokke was, is bevind dat die gereelde gebruik van sosialemedia ‘n akkurate voorspeller van tieners se geestesgesondheid en welstand is. Ander studies het ook verbande tussen hoë vlakke van sosialemedia gebruik en depressie of angssimptome waargeneem. Nog 'n studie uit Amerika het bevind dat oormatige gebruik van selfone (4 uur per dag) ook met laer sielkundige welstand geassosieer word. Vir hoë gebruikers (7+ uur per dag) was hulle meer as twee keer so geneig om:

- met depressie of angs gediagnoseer te word;
- deur 'n geestesgesondheidswerker behandel te word;
- medikasie te moet neem vir gedragsprobleme.

'n Studie uit Spanje het ook bevestig dat oormatige gebruik van selfone sleg was vir leerders se sielkundige gesondheid, aangesien dit geassosieer word met hoë vlakke van angs, verlaagde selfbeeld en gevoelens van eensaamheid. Uitgebreide studies in China het dieselfde resultete verkry.

**4. DIEFSTAL VAN SELFONE**

Sowat 3,1 miljoen selfone word jaarliks in skole in Amerika gesteel. Alhoewel sulke data nie vir Suid-Afrika beskikbaar is nie, is die syfers van diefstal in Suid-Afrikaanse skole waarskynlik proporsioneel baie hoër.

**5. BY DIE OUERHUIS**

In 'n Pew Research Center-opname van 2020 is bevind dat 'n meerderheid ouers in die Verenigde State (66%) - wat diegene insluit wat ten minste een kind onder die ouderdom van 18 het, maar wat ook 'n volwasse kind of kinders het – sê dat ouerskap vandag moeiliker is as wat dit 20 jaar gelede was, met die meeste in hierdie groep wat tegnologie, selfone en rekenaars as redes noem. Ek is van opinie dat dit ook die werklikheid vir Suid-Afrikaanse huishoudings is. Ek is verder van opinie dat selfone in skole die opvoeding en onderrig van kinders bemoeilik het. Ander navorsing het uitgelig hoe onbeheerde slimfoongebruik by die huis lei tot lae slaap-kwaliteit, verhoogde stres en verminderde konsentrasie.

**6. DIE PAD VORENTOE**

As skoolbestuur is ons bekommerd oor veral ons gemiddelde en onder-gemiddelde leerders se prestasie. Uit ons eie beperkte ervaring by die skool kon ons agterkom dat die sterker akademiese leerders óf glad nie ‘n foon by die skool het nie óf glad nie die foon nodig het vir akademiese doeleindes wanneer hulle wel ‘n foon by die skool het nie.

Die navorsing wat hier bespreek is in ag genome, is die dat toelaat van selfone vir *oënskynlike* akademiese gebruik glad nie goed is vir die akademiese vordering van die meerderheid van ons leerders nie. Die genoemde navorsing bevestig dus dat selfoongebruik in die skool *‘n beduidende rol in lae gemiddeldes gespeel het*...

**7. GEVOLGTREKKING**

**Die vraag is dus is of die positiewe swaarder as die negatiewe weeg. Die belangrikste aspek is leerders se akademiese vordering en die wêreldwye konsensus is dat kinders *swakker doen a.g.v. selfone in skole*.**

Met al die bogenoemde faktore in ag geneem, is die opsies tot ons beskikking om die status quo te handhaaf of om ‘n verbod op selfone in die skool te plaas. Die konsensus onder bestuur, personeel en die bydrae van die beheerliggaam, is dat **selfone nie meer in die skool toegelaat gaan word nie**.

**Dit beteken dus dat selfone voortaan summier gekonfiskeer sal word indien ‘n leerder dit gebruik, hetsy tydens skoolure of gedurende pouses.** Die skool gaan egter nie elke leerder deursoek vir ‘n selfoon nie.

**8. DIE VOLGENDE SELFOONBELEID, WAT DEEL UITMAAK VAN DIE SKOOL SE GEDRAGSKODE, SAL DUS VANAF 1 JANUARIE 2025 GELD:**

1. *Indien leerders steeds hulle fone skool toe bring, moet dit onmiddellik afgeskakel word VOORDAT ‘n leerder die skoolterrein betree.*
2. *Vir die res van die akademiese skooldag,* ook gedurende pouse*, mag dit onder geen omstandighede sigbaar wees nie, in welke geval dit onmiddellik gekonfiskeer sal word, selfs al is dit afgeskakel. Hierdie verbod sal geld vir die volle lengte van ’n akademiese skooldag.*
3. *Indien leerders pouse by die snoepwinkel iets wil koop en nie van kontant gebruik maak nie versoek ons dat ouers hierdie komende vakansie vir bankkaarte/e-wallet-kaarte sal aansoek doen; geen selfone sal ook hier toegelaat word nie.*
4. *Leerders kan die selfoon eers weer aanskakel nadat die skool verdaag het aan die einde van die akademiese skooldag. Indien die leerder die selfoon gebruik na 14:00 en enige ongerymdhede plaasvind, neem die ouer verantwoordelikheid daarvoor.*
5. *Die skool sal dus geen verantwoordelikheid aanvaar indien ‘n selfoon gesteel of verlore raak nie. Geen ondersoek of deursoeking sal ook in so ‘n geval deur die skool gedoen word nie, aangesien die veronderstelling is dat geen leerder ‘n foon by die skool het nie.*
6. *Indien ’n leerder se selfoon te eniger tyd sigbaar is, word dit afgeneem, in die skoolkluis toegesluit en slegs ouers sal die foon na 5(vyf) werksdae kan kom uitteken, gepaardgaande met die betaling van ’n boete van R200.00.*
7. *Weiering om die selfoon op versoek van ’n personeellid in te handig, sal lei tot tydelike skorsing totdat ’n dissiplinêre gesprek in die verband gereël kan word.*
8. *Geen leerder sal toegelaat word om ’n simkaart of geheuekaart uit die foon te haal wanneer dit ingeneem word nie.*
9. *Leerders mag ook glad nie oorstukke, wat verband hou met die selfone, in hulle ore dra nie. Indien dit gesien word, word dieselfde proses as met die selfone gevolg.*
10. *Indien ’n situasie/wetlike oortreding as gevolg van selfoongebruik/-misbruik enige tyd binne of buite die skoolterrein plaasvind, of waar leerders of personeel van die skool, persoonlik, negatief geraak word, moet die betrokke saak deur die ouer self by die SAPD aangemeld word.*
11. *Ouers moet met hierdie skrywe weer eens duidelik kennis neem van die VERANTWOORDELIKHEID VAN OUERS TEN OPSIGTE VAN ’N SKOOL SE GEDRAGSKODE.*

    *Paragraaf 6.1 van* ***die Suid-Afrikaanse Skolewet*** *stel dit duidelik dat daar van ouers verwag word dat alle ouers...*

    ***(a) die skool sal ondersteun en van leerders sal vereis om alle skoolreëls en -regulasies na te kom en verantwoordelikheid te aanvaar van enige wangedrag aan hulle kant...***

Die skool onderneem om die volgende aspekte in plek te kry**:**

1. *Leerders wat siek voel of beseer word, meld ook by die algemene kantoor aan en ouers sal deur die kantoorpersoneel geskakel word indien nodig.*
2. *Organiseerders/afrigters van naskoolse aktiwiteite, sal ouers per Whatsapp of D6 in kennis stel indien aktiwiteite gekanselleer word.*
3. *Indien 'n ouer dringend met 'n leerder in aanraking moet kom, kan u die skool skakel en 'n boodskap by die kantoor laat.*

Ek weet hierdie is vir sommige mense 'n baie kontroversiële besluit, maar dit is in die belang van ons kinders en hulle toekoms. **Ek sal dit waardeer as ouers hierdie brief met hulle kinders kan deel.** Die besluit is nie gebaseer op emosies of lukrake opinies nie, maar op ingeligte konsensus.

Alhoewel hierdie besluit sy eie groeipyne te weeg sal bring, sal ons dit waardeer as ons as 'n span kan saamwerk in hierdie saak en sodoende ons kinders se akademiese sukses en emosionele welstand verder bevorder.

Ek nooi ook ouers uit om enige verdere vrae/voorstelle in dié verband per e-pos met my te bespreek.

JV-groete.

A DOWD

HOOF